E-nuusbrief van sendelinge met OM Oekraine : Willem, Alla en kinders **Oktober 2009**

HERE4U

Oekraïnse groete!

Oktober – die mooiste, mooiste maand! Hier is dit die tyd van gekleurde blare (*Die woude is eenvoudig asem-rowend!*), koue temperature en warm klere! In Suid-Afrika is die winter ook verby en lyk alles seker al pragtig. Dit is asof die natuur vir ons uitnooi om uit te bars in verwondering en dank aan die groot Kunstenaar (of Skepper) daarvan. In engels lui die spreukwoord: "Beauty is in the eye of the beholder." Ek wonder maar net: Sien ons nog die mooi om ons raak? Of aanvaar ons dat dit alles maar so móét wees?

(oor ons gesinsbediening)

Ek wil in die kerk wees, maar het 'n geheim!

Sondagaande is gesinsgroep-aande. Gewoonlik kom 9 gesinne in ons OM-gebou in Vinnitsa bymekaar. Ten spyte van die feit dat 11 Oktober my en Alla se troudagherdenking is, het ons besluit dat ons die aand by die gesinsgroep moet wees. Die aand het ons toe 'n baie swak opkoms gehad. Net 3 gesinne. Die versoeking was groot, om die bediening vroeg klaar te maak en saam die aand uit te gaan. Maar God het ander planne gehad!

Een van die gesinne (vir wie julle gereeld bid), Joera en sy vrou Walja, was die aand daar. Dit was die aand dat Joera met ons gedeel het dat hy graag lidmaat van 'n plaaslike kerk wil word, maar dat iets hom terug hou. Joera het nie 'n goeie gesin groot geword nie. Sy pa was 'n alkoholis, later van sy broers ook. Hy het min liefde van sy ma ontvang en onmin in die gesin hou hom al vir 2 jaar weg van kontak met sy susters. Joera weet dat hy, as Christen, anders moet optree en genade aan sy familie moet wys. So nie is sy kerklidmaatskap 'n klug! Maar hoe? Waar kry mens die krag vandaan om vergifnis vir ander te gee? Dit is een van die faktore, wat Walja terughou van bekering. Sy, as ongelowige, woon die laaste 3 jaar gereeld ons gesinsgroep-aande by. Die laaste 3 weke het sy ook eredienste begin bywoon, maar...

Iets moet verander. Daarom het hulle gevra dat ons vir hulle sal bid. Bid vir veranderde harte, vergifnis, nederigheid en kerk-lidmaatskap.

NASKRIF

In ons laaste brief het ons vir julle gevra om ook vir Sasja en sy vrou Liliaan te bid. Dankie daarvoor. Liliaan woon nou al 3 weke weekliks die eredienste van 'n plaaslike kerk by. Ongelukkig spook Sasja met 'n geheim. Niemand weet daarvan nie. Eintlik is niemand in ons gesinsgroep veronderstel om te weet nie, maar Sasja het 'n drank probleem! By tye 'verdwyn' hy vir dae en spandeer die tyd in dronkenskap.

Bid, asseblief, dat Sasja (wat al in die kerk tot bekering gekom het en van God getuig) van hierdie verslawing bevry sal word.

(oor onsself)

Musiek in die huis

Die laaste maand was 'n moeilike maand vir ons gesin. Willem was baie, baie min tuis. En selfs al was hy tuis, was hy baie besig. Gedurende afgelope maand het hy al drie die OM-spanne besoek en 2-dae-lange beplannings-sessies met elke span gehad. Eers in Vinnitsa, daarna in Odessa en laastens in Rivne. Buiten dit het Willem se leier hom 'n paar dae besoek. Willem het ook 'n intense leierskap/beplannings-byeenkoms in Vinnitsa gelei. Aan preek-geleenthede in plaaslike kerke was daar ook nie gebrek nie. Alla het dus 'n dubbelle werkslading met die kinders tuis gehad. Ook het die skooljaar met mening begin. Vova het al begin lees en skryf. Johan het, buiten die skoolwerk, ook met klavier-lesse begin.

Alla was vir 3 dae in Kiev om haar suster Anja te help voor die geboorte van hul eersteling (Sofia, wat 30 September gebore is). Die einde van hierdie week is Ala weer weg na 'n konferensie in Kiev vir kinder-evangeliste. Sy en haar medewerkers beplan in November 'n konferensie vir Sondagskool-werkers van ons provinsie.

Ek en Alla het 11 Oktober ons 11de troudag herdenk. Ons is dankbaar vir God se genade. Soveel meer so nadat ons onlangs van nog gesinne gehoor het wat aan die verbrokkel is! Ons is deeglik bewus dat, buiten die spanning van vol programme, die Vyand graag die gesinne van God se dienaars wil ruïneer. Bid, asseblief, gereeld vir ons as gesin.

Een van die wonderlike geleenthede van die afgelope maand het ons sopas 17 Oktober gehad. Dit was 'n gesins-konferensie in Kiev (wat deur Campus Crusade aangebied is) oor die 'opvoeding van kinders.' Ons ervaar dat God wil hê dat ons meer by gesinsbediening betrokke sal raak. Bid dus, asseblief, saam met ons dat God ons duidelikheid sal gee soos ons besin oor watter rol ons kan speel om gesinne vir God te wen.

Een van my (Willem) se stokperdjie is musiek. As alles te druk raak, dan trek ek my kitaar nader of sit 'n CD (baie keer met geestelike musiek) aan. Ek hoop dit help julle soms om weer perspektief te kry. Mag die musiek in ons gesinne nooit ophou speel nie!

(oor nuwe bedienings)

Verder...

Tydens ons beplanning-sessies het ons besef dat God vir ons nuwe planne in gedagte het. Sonder om al ons planne te beskrywe, wil ek tot van die idees noem, sodat julle vir ons kan raad gee en saam met ons daarvoor kan bid.

1) 'n Bediening aan blindes d.m.v. geestelike opnames.
2) 'n Gebedskalender vir 2011, wat sending-bewustheid sal stimuleer.
3) 'n Paar nuwe idees om te verseker dat ons vennote meer ingelig sal bly oor hoe die bediening ontwikkel.
4) Opleidingsprogramme, konferensies, sending-motiverings geleenthede, ens.
5) Streeksverteenwoordigers vir ons Posbus-bediening.
6) Begin nuwe tiener-groepe.
7) Leierskapsontwikkeling.

PROJEK

Party keer vra mense my wat ek sou verkies: Dat hulle eenmalig 'n groot bedrag sal gee of dat hulle kleiner maandelikse/gereelde bydraes sal maak. My antwoord is dat meer gereelde bydraes groter stabilitiet vir ons bediening hier beteken, maar dat eenmalige bydraes ons in staat stel om projekte aan te pak, waaroor ons tot nou toe net kon droom. Dus is ek dankbaar vir 'n hele paar nuwe mense, wat nou maandelik bydraes maak.

Ek wil egter nie doekies omdraai nie. Ons benodig meer bydraes. Ek vind dit nie altyd maklik om te vra nie, maar wil tog vir jou vra om dit te oorweeg om 'n maandelikse bydrae te maak (indien jy dit nog nie doen nie). Die volgende twee maande se bydraes sal deurslaggewend vir ons bediening wees. Indien ons nie 'n toemane aan gereelde bydraes sien nie, sal ons van ons bedienings moet afskaal.

In September het ek die behoefde uitgespreek vir 'n eenmalige bydrae van R10 000 vir die verspreiding van kindergeskenke aan behoeftige kinders. Ek kan met trots julle in kennis stel dat ons die geskenke uitgedeel het. Ongelukkig moes ons geld leen om dit te doen. Daarom wil ek weer 'n beroep doen dat, indien jy net 'n eenmalige bedrag sou wou bydra, dat jy in die komende maand 'n bydrae vir hierdie projek sal maak. (*Dit kan in enige rekening in betaal word. Plaas net 'n nota Kindergeskenke by op die inbetalingsform.*)

GEBEDSPUNTE

1. Daar is 4 of 5 Oekrainiers, wat graag by OM wil aansluit. Van hulle om buite die Oekraine in sending betrokke te wees. Eerskomende week (27-28 Oktober) lei ek 'n orientering- en opleiding-sessie vir hierdie mense. Bid vir my voorbereiding, dat hulle God se roepstem reg sal verstaan en dat hulle die nodige bedieningsvennote sal vind vir sendingbetrokkenheid.
2. Willem het 'n hele administratiewe lading in die komende maand. Bid vir wysheid en veiligheid wanneer hy reis.
3. God het ons 'n begeerte gegee om vir ander gesinne tot seen te wees. Ons hoop om saam met ander gesinne meer betrokke te raak by gesinsbedienings-aande. Hoe? Wat? Wanneer? En hoeveel tyd ons kan gee is egter vir ons nog nie duidelik nie. Bid dat God ons duidelikheid hieroor sal gee. Tans gaan dit baie goed met ons gesinsgroep (op Sondagaande). Bid, asseblief, vir die gesinne in ons groep, wat nog nie lidmate van 'n plaaslike kerk is nie. Bid ook veral vir Sasha.
4. Bid vir gesondheid. Die temperature wissel dramaties (soms met tot 15-20 grade van een dag na die volgende). Dit is so maklik om 'n ou nare verkoue op te tel. Ons glo egter, dat die Geneesheer ons gesondheid beheer!
5. In die brief het ek gedeel oor van ons nuwe bedieningsdrome. Bid dat ons God se leiding sal ervaar soos ons verder daarby betrokke sal raak.

BELANGRIKE DATUMS

Alhoewel van die datums nog nie bevestig is nie, noem ek 'n paar datums van belang:

22 - 23	Oktober	Alla woon 'n kinderbedienings-konferensie in Kiev by.
25	Oktober	Willem preek in 'n kerk in Kiev en onderhandel moontlike samewerking.
27 - 28	Oktober	Willem lei orientasie-opleiding vir Oekrainiers, wat belangstel om by OM aan te sluit.
3	November	Kommunikasie-dag in Vinnitsa-span
5 – 6	November	Moontlike besoek aan Rivne – Willem
7	November	Willem woon 'n beheersraadsvergadering van 'n Oekrainse sendingorganisasie by in Rivne
10	November	Vinnitsa-span gebedsdag
17 - 20	November	Moontlik woon Willem OM Europese-leierskonferensie by
20 - 22	November	Konferensie vir Sondagskool-personeel - Alla

Webplekke

Here4U

Oekrainse kuierplek

Nuusbrokkies

Ons albums

WayOut - Willem's blog

OM Oekraine

Donasies

As geloofsbediening is ons afhanklik van finansiële donasies.

Debietorders:

Laai 'n debietorder vorm af of kontak Willem om een vir jou te stuur.

OM RSA debietorder.doc

Bedieningsrekenings:

Nedbank - Spaar
2389008291(takkode 138905)

ABSA - Spaar
9060994478 (takkode 632005)

Kontak ons

Van der Colffs
Box 6377
Vinnitsa
21030
UKRAINE

Willem se sel: +380-97-9397473
Alla se sel: +380-97-9889726
Huis: +380-432-466079

willem@ua.om.org
wiluaom@gmail.com

www.ua.om.org